12 Maart 2021

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer

- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Noord- en Suid-Amerika

Internasionale landbou

- Suid-Amerikaanse oestoestande
- Suid-Amerikaanse plantproses
- Maart WASDE-verslag

Plaaslike landbou

- In- en uitvoer van mielies
- Veldoorsig

Wisselkoers

- Oorsig – USD/ZAR
- Olieprys

PLAASLIKE

WEER



14-dag weervooruitsig

Droër weer word vir die sentrale dele van die binneland voorspel. Grondvog is ook besig om vinnig af te neem weens hoë temperature.

VSA Droogtemonitor: Noord-Amerika

Volgens die mees onlangse droogtemonitor is toestande in Noord-Amerika steeds bogemiddeld droog. Matige reënbuie word egter vir sekere dele van die mieliegordel voorspel, wat effense verligting kan bied. Die vergelyking tussen 9 Maart 2021 en 12 Maart 2013 verskyn regs.

Volg gerus die blitsskakel om die *Droogtemonitor* vir Noord-Amerika dop te hou:
https://droughtmonitor.unl.edu/CurrentMap.aspx

9 Maart 2021



12 Maart 2013



INTERNASIONALE

WEER

10-dag weervooruitsig: Suid-Amerika

Voortdurende nat weer kan verwag word in die produserende streke van Brasilië en Argentinië .





RANDAGRI

INTERNASIONALE

WEER

- In die Mato Grosso-omgewing het sojaboonprodusente erge skade gely weens swaar reënbuie (ongeveer 260 mm) gedurende die eerste paar dae van Maart.
- Die Wora Mutum-distrik het bykans 280 mm reën in twee weke gekry.
- Binne ‘n steekproefgebied van 6 320 ha in die Rio Verde-area het produsente ongeveer 35% skade bevestig.
- Nog reën word vir die volgende 10 dae voorspel.

-

https://www.canalrural.com.br/agronegocio/soja-podre-chuva-mt/

RANDAGRI

SUID-AMERIKAANSE

LANDBOU

Suid-Amerikaanse oestoestande tot en met 5 Maart 2021

Sojabone



Mielies



Sojaboontoestande het effens verswak sedert die vorige week weens nat, klam weer wat die kwaliteit van die bone benadeel.

RANDAGRI

LANDBOU

Strooptempo van sojabone in Brasilië tot en met 5 Maart 2021



In die Mato Grosso distrik van Brasilië is 67,2% van sojabone tans gestroop.

RANDAGRI

LANDBOU

Mielie-planttempo in Brasilië tot en met 5 Maart 2021



In die Mato Grosso-distrik van Brasilië is die planttempo vir safrinhamielies 73,03%.

In die Paraná-distrik van Brasilië is die planttempo vir safrinhamielies 28%

RANDAGRI

LANDBOU



Wêreldvraag- en aanbodsyfers (WASDE) Maart 2021

Die USDA het wêreld-eindvoorrade in die Maart WASDE-verslag tot 287,67 miljoen ton verhoog. Dit het ‘n afwaartse reaksie in pryse veroorsaak nadat die markverwagting ‘n verlaging tot 284,23 miljoen ton was.

Markspelers was ook optimisties oor Amerikaanse eindvoorraad, maar die USDA het syfers onveranderd gelaat vanaf Februarie op 1 502 miljard skepels.

Daar is ook onsekerheid oor die grootte van die Suid-Amerikaanse sojaoes. Die USDA het sy produksieskatting vir 2019/20 en 2020/21 verhoog, maar die impak van swaar reën op toestande kan moontlik in toekomstige skattings weerspieël.

	Maart 20/2021	Markverwagting	USDA Februarie
Mielies	287.67	284.23	286.53
Sojabone	83.74	82.66	83.36

PLAASLIKE UITVOERE 2020/21

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoere week geëindig 5 Maart: 21 497 t
- *Vorige week: 21 745 t*

  Invoere: 0 t
- Uitvoerintensies: 171 945 t

  (Volgende agt weke)

Bestemming vir meeste uitvoere:

WMAZ uitvoere:
Zimbabwe 11 770 t

Geelmielies

- Uitvoere week geëindig 5 Maart: 11 849 t
- *Vorige week: 10 423 t*

  Invoere: 0 t
- Uitvoerintensies: 106 079 t

  (Volgende agt weke)

YMAZ uitvoere:
Zimbabwe 6 452 t

RANDAGRI

Noordwes-Provinsie en Wes-Vrystaat:

Die somergewasse in Noordwes-Provinsie begin swaar kry as gevolg van hoë temperature en droë weer. Die skade neem daagliks toe. Daar is wel nog dele met redelike vog, maar die stand van die meerderheid van graan word ernstig deur die huidige weerstoestande benadeel.
Meer as 80% van die mielies is reeds bestuif. Die ontwykende reën sal egter veroorsaak dat daar nie gewig gaan wees nie. Die areas het dringend reën nodig om skade te beperk.
Baie haelskade is in Ventersdorp, Makokskraal en dele naby Derby aangerig. Syfers dui op soveel as 50% skade aan mielies en 30% aan sonneblom in die areas waar hael voorgekom het. Ongeveer 1 300 ha mielie- en sonneblomaanplantings by Rietspruitdam/ Ventersdorp-area het ook haelskade gekry.
Daar is egter ook dele waar die stand van gewasse baie mooi is, byvoorbeeld tussen Ventersdorp, Potchefstroom en Syferbult. Reënneerslae van 0 mm tot 20 mm is in die afgelope week gerapporteer.
Terugvoer van Sakkie Koekemoer –Graanaankoper, Noordwes

Mpumalanga:

Produsente het vroeër begin sojabone stroop, maar met groot gesukkel weens die feit dat hulle vasval in nat lande. Heelwat sojabone begin verkleur en blare afgooi. Die stroopproses sal teen middel-April in alle erns begin toeneem. Mielies is ver ontwikkel en sommige produsente behoort teen einde April te begin stroop. Later-aangeplante mielies, insluitend die onderste blare van die plant, is steeds baie groen en dit kan die stroopproses ietwat vertraag. Oor die algemeen kan ons 'n gemiddelde tot bogemiddelde mielie- en sojaboonoes verwag.
Terugvoer van: Gerhard Reyneke – Graanaankoper, Suidelike Mpumalanga

Oos-Vrystaat:

Vroeë mielies is 80% tot 100% ontwikkeld. Later aanplantings kort egter nou reën om optimale mieliepit-ontwikkeling te ondersteun en sodoende mieliekoppe vol te maak en pitverlies te beperk. Eerste aanplantings van sojabone begin vinnig afgaan, en van die boere in die area het al begin stroop. Sojabone lyk baie belowend, en ons sien uit na die terugvoer van die eerste stropers oor die opbrengste. Die eerste sonneblomme lyk ook goed. Lewerings kan reeds in die volgende week verwag word. Oor die algemeen lyk gesaaides nog baie mooi, alhoewel reën baie gunstig sal wees om vol oesopbrengste te verseker.
Terugvoer van: Christo Uys –Graanaankoper, Vrystaat

RAND AGRI

VELDFOTO'S

WISSELKOERS

R/$

Die Suid-Afrikaanse rand het in die week van 8 tot 12 Maart heelwat waarde teenoor die Amerikaanse dollar verloor.

Die geldeenheid het onder druk gekom nadat Amerikaanse tesourie-effekte begin herstel het.

Tegniese analiste hou die Fibonacci ‘retracement’-aanwyser fyn dop vir verdere bewegings. Indien die 14,4% vlak van R15,107 gebreek word, is die volgende sterk weerstandsvlak R15,50 .

https://www.dailyfx.com/forex/market_alert/2021/03/10/South-African-Rand-Price-Forecast-USDZAR-GBPZAR-EURZAR-Setups-LiveEdu-TDC.html

RANDAGRI

KOMMODITEITSPRYSE

OLIE

Oliepryse het skerp toegeneem in reaksie op die terroriste-aanval op die Saoedi-Arabiese hawe en OPEC se aankondiging dat hulle produksie onveranderd gelaat het.

*Lees meer:
https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-03-11-saudi-arabia-vows-to-protect-oil-facilities-after-drone-attack/

8 Maart 2021



RANDAGRI

RANDAGRI

SAFEGUARDING FOOD PROSPERITY

Rand Agri, a bulk grain and supply chain trader, safeguards food prosperity in Southern Africa by connecting farmers and processors. Our services reach across the grain supply chain. It includes:

- Trading grain crops such as soybean, wheat, sunflower, GMO/non-GMO white and yellow maize, sorghum and sugarbeans.
- Logistics including sourcing, storage, export and delivery of grains and agricultural lime directly to customers.
- Milling, processing and selling of white and yellow maize meal, yellow maize grits, starch and super fine maize meal.
- Process and supply animal feed by-products such as hominy chop, wheat bran, molasses, as well as soybean, cotton and sunflower oilcakes.
- Price and risk management by our experienced traders.

Rand Agri - the vital connection between farm and plate

Contact us today for your grain trading and supply chain needs.
+27 (0)13 243 1166 I info@randagri.co.za I www.randagri.co.za

KONTAK ONS

Rand Agri graanaankopers:

Gerrit van der Walt	(082) 308 3014
Gerhard Reyneke	(082) 070 4546
Christo Uys	(082) 854 6824
Sakkie Koekemoer	(066) 205 2663
Gert Oosthuizen	(083) 654 1179

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga